Vrees en Angs

Sors Geldenhuys

Baie van ons het, sonder dat ons dit weet, 'n nagraadse kwalifikasie verwerf by die Universiteit van Angstigheid. Om die waarheid te sê, ek is my lewe lank só deur die **vader van die leuens** mislei dat ek 'n eredoktersgraad in angstigheid met lof van hierdie Universiteit ontvang het! Ek vertel nie rond en bont van hierdie doktorsgraad wat ek het nie!

By ons eerste kursus in lewensverryking maak ons baie daarvan dat ons die **leuens** waarmee ons geprogrammeer is, moet **vervang met die waarheid**, en tog kan ons só maklik mislei word. Laat ek julle net weer herinner, ons is in 'n stryd gewikkel. As ek nou 'n klomp skrifgedeeltes aanhaal, is dit omdat dit nodig is om regtig **ons vyand se metodes te ken!**

Ef. 6:10 – 18 Verder nog dit: soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as die borsharnas, en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die bose kan afweer. Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.

Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

- 2 Kor. 10:3 – 5 Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke **gedagte gevange** om dit aan Christus gehoorsaam te maak.
- Jak. 4:7 Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle wegvlug.
- 1 Petr. 5:8,9 Wees **nugter**, wees **wakker**! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Bly standvastig en staan hom teë. En moenie vergeet nie, dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde lyding verduur.
- Luk. 10:18 Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val.
- Openb. 12:9,10 … die groot draak, die slang van ouds, wat die Duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom…die **aanklaer** van ons medegelowiges.
- 2 Kor. 11:3 Maar ek is bang dat julle **gedagtes** weggelei sal word van die onverdeelde en suiwer toewyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang.
- 2 Kor. 11:14 En geen wonder nie! Satan doen homself voor as 'n engel van die lig.

- 1 Joh. 5:18,19 Ons weet dat iemand wat uit God gebore / *'n kind van God* is, nie meer sondig nie /*nie aanhou sonde doen nie*, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie. Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die *mag onder die invloed* van die duiwel is.
- 2 Kor. 4:3,4 As die evangelie wat ons verkondig tog nog met 'n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan. Hulle is die ongelowiges wie se **verstand** deur die **god van hierdie wêreld** *verblind* is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie.
- Joh. 13:2 Jesus en sy dissipels was aan die tafel. Die duiwel het toe al klaar vir Judas, seun van Simon Iskariot, **op die gedagte gebring** om Jesus te verraai.
- Hand. 5:3,4 Annanias, waarom het jy jou deur die Satan **laat omhaal** om vir die Heilige Gees te lieg. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.
- 2 Tim. 2:26 Dan sal hulle weer tot **nugtere insig** kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.
- 1 Joh. 4:4 Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel wat in die wêreld is.
- Ef. 1:18 – 20 Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping in hou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het.
- Ef. 2:1, 2 Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het, Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en **julle laat lei** deur die vors van die onsigbare bose magte, die gees wat daar nou aan die werk is **in** die mense wat aan God ongehoorsaam is.
- Ef. 2:4 – 6 Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! Ja, in Christus Jesus het hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee.
- Rom. 6:6 Ons weet tog dat die sondige mens wat ons **was**, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus **nie langer slawe van die sonde nie.** Ek hoef dus nie meer soos 'n slaaf te dink en te doen nie.
- Rom. 7:15 Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.
- 1 Petr. 1:18 Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle **oorgeërfde sinlose bestaan** nie.

Ek (Sors) het my lewe lank gesê: Ek is 'n angstige mens. Ek is angstig gebore tydens die 2de wêreld-oorlog. My ma was angstig, my pa was 'n lid van die Ossewa Brandwag, my ouma was angstig en my oupa hoogs gespanne. Ek het gesê dis geneties, en ek het dit aanvaar, ***en dit was 'n leuen!***

- 2 Tim. 1:7 Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie/ *is nie 'n gees van vreesagtigheid nie*, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

Die woorde “moenie bang wees nie” kom 366 keer in die Bybel voor. Een vir elke dag, plus een vir skrikkeljaar.

Ek het skielik besef ek het my hele lewe lank, of vir solank as wat ek die Skrif ken, **God tot leuenaar gemaak**!

Vir die eerste keer in my lewe het ek Romeine 7:15 – 16 verstaan… Dis nie ek wat dit doen nie, maar **die sonde wat in my woon** (Rom. 7:15, 16).

Ek het vir die eerste keer nugter geword en angs, vrees en spanning in my eie lewe **herken** as **SONDE.** Ek kan nie meer sê “Ek is nou maar een maal ‘n gespanne mens, ek is so gebore” nie. Dis sonde.
Erken dit!
Bely dit
Aanvaar God se vergifnis
Vergewe jouself
En skielik was ek ”vry”! Vir die eerste keer in my lewe!
Die Bybel praat van ‘n “gees van vreesagtigheid”.
Ek onderwerp myself aan God, sê vir die gees van vrees, angs en spanning: “Gaan weg in die naam van Jesus Christus na waar Hy julle stuur”.

Oefen Noudat ek besef dit is sonde, kan ek dit as sulks herken. Dit is egter ‘n lewenstyl en denkpatroon wat afgeleer moet word. En dit beteken oefen, oefen, oefen... Maar Heilige Gees is in jou as “alarm” en help jou om bewus te raak van die sonde.

Oefenprogram en bid
Na ongeveer 6 weke se stoei en worstel, herken ek onmiddellik die sonde wat nog steeds in my wil woon en dis eenvoudig onbeskryflik hoedat ‘n onderwerping aan die Here, sondebelydenis, ens. skielik my ‘n vry mens maak.

Ek begin my dag deur die wapenrusting aan te trek; die Here te vra om my Lewe deur sy Gees te beheer, ook my gedrag (Gal 5:25). Ek verklaar ook dat die Gees wat in my woon, nie ‘n gees van vreesagtigheid, angs, spanning, stres, ens.. is nie, en dat ek die vrug van die Gees wat in my woon al meer elke dag wil vertoon nl. liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, geduld, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal 5:22) Hoe meer ek dit doen, hoe meer groei die vrug ook.